

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 19-1 (47)**

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.  
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal  
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef  
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 150:1, 3 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!  
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!  
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid  
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspell!  
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!  
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,  
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Gebed

Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

**Skriflesing:** Genesis 1:26-31; Deuteronomium 6:1-9; Matteus 28:16-20  
Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 8 en 9

**Kernvers:** Matteus 28:19

**Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees**  
(Matteus 28:19 AFR83)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 8: God is een in Wese en onderskeie in drie Persone**

*Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie.*

*Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.*

*Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.*

*Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die vader en die Seun uitgaan.*

*Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie*

gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

1 Kor 1:24; Joh 1:14; 1 Joh 1:1; Open 19:13; Spr 8:22; Kol 1:15; Matt 28:19; 3:16-17; Miga 5:1

## **Artikel 9**

### **Skrifgetuienis oor die leer van die Drie-eenheid**

Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament, en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies: Genesis 1:26 en 27: **'En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape'**; en Genesis 3:22: **'Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons'**. Wanneer God sê: Laat Ons mense na ons beeld maak, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Weliswaar sê Hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigszins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê: **'Dit is my geliefde Seun'** (Matt 3:17). Die Seun is in die water gesien, en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar. Buitendien is vir die doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: **'Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees'** (Matt 28:19). In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: **'Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word'** (Luk 1:35); eweneens: **'Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal'** (2 Kor 13:13), en: **'Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig'** (1 Joh 5:7-8).

Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie Persone in een, enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.

Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.

Hierdie leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en kettere soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en dergelike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.

Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius, en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.

Gen 5:1; Matt 3:16; 28:19; Luk 1:35; Hand 2:32; 2 Kor 13:13; 1 Joh 5:7; Hand 2:32-33; 1 Pet 1:2; 1 Joh 4:13-14; Gal 4:6; Efes 3:14, 16; Tit 3:4-6; Jud :20-21; Rom (6) 8:9; Hand 10:38; 8:29, 37; Joh 14:16; 15:26; 1:33; Spr 25:27

**Tema:** Ons glo in een God: ons Skepper, Verlosser en Heiligmaker

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het reeds by Artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelijdenis gesê dat ons eintlik huiwer om oor God te praat. Ons huiwer nie omdat ons bang is nie; ons huiwer omdat ons weet hoe beperk ons verstandjies is. Ons kan nog nie eers die menslike gees en liggaam behoorlik deurgrond en verstaan nie, hoe sal ons dan die Skepper,

Verlosser en Heiligmaker van die mens kan deurgrond en begryp? U sal met my saamstem dat ons in hierdie saak regtig besef dat ons God onbegryplik is, soos ons dit in die eerste artikel bely.

Maar dan moet ons ook dadelik vir mekaar sê dat God nêrens in die hele Bybel vir ons die opdrag gee om Hom te begryp nie. Dit is immers nie waarom ons bestaan nie. Die Here roep ons wel telkemale op en vermaan ons om in Hom te glo, Hom lief te hê en Hom te dien. Maar om Hom met ons klein verstandjies te begryp, dit beveel Hy ons nooit nie. Ons sal ook nooit die enigste, lewende God met ons verstand kan begryp nie, want sy gedagtes is baie hoër as ons gedagtes. Hy is God. As ons enigins in staat was om God met ons verstandjies te begryp, dan het ons alles van Hom geweet en kon ons Hom manipuleer. Maar ons kan nie, want Hy is God, ver verheewe bo ons.

Alhoewel ons God nie kan begryp nie, kan ons Hom tog ken. Hy wil immers hê dat ons Hom sal ken. Daarom, so bely ons in Artikel 2 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis, openbaar Hy Homself in sy skepping as die almagtige, lewende God. En die tweede middel waardeur ons God in besonder leer ken, is sy Heilige Skrif waarin Hy Homself aan ons openbaar. Ons kan God net ken as Hy Homself aan ons bekendstel. En Hy stel Homself die duidelikste in sy Woord aan ons bekend, soos ons in Artikel 8 bely: **ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees.**

Geliefdes, as 'n mens hierdie woorde vir die eerste maal lees, mag dit miskien vreemd klink. Die woorde mag moontlik vreemd klink, maar die bedoeling daarvan is glad nie onbekend aan ons nie. Ons het immers reeds in die eerste Artikel bely dat ons in 'n **enige en enkelvoudige geestelike Wese glo wat ons God noem.**

In die Ou Testament is dit hoe ons die God in wie ons glo, leer ken. Trouens, in die Ou Testament het die Here dit male sonder tal by sy volk Israel ingeprent. Hulle en alle mense moes geen twyfel hê nie; daar is net een God. Niks op die aarde in die skepping, of bokant die aarde in die hemelruim of onder die aarde in die diep waters kan met God vergelyk word nie. Hy is die enigste God wat alles wat gesien en alles wat nie gesien kan word nie, geskep het. Hy is die enigste God wat volmaak oor hierdie hele skepping van Hom regeer en dit met liefde versorg, onderhou en in stand hou.

Die Here het in die Ou Testament besondere klem daarop gelê dat Hy die enigste God is, omdat die mense na die sondeval 'n totaal verkeerde rigting koers ingeslaan het. Omdat die mense hulle rug op die enigste, lewende God gedraai het, en omdat die Here dit in die mens ingeskape het om iemand groter as die mens self te aanbid en te dien, het die mense hulle eie versinsels nagejaag. En die mees logiese waarop die mens so op sy eie kon uitkom, was om vir elke ding in die lewe van die mens 'n god uit te dink en dit te aanbid en te dien.

In die huis en familie waaruit God vir Abraham geroep het, is verskillende gode gedien. In Egipte waaruit God sy volk uitgelei het, is verskillende gode gedien. In die beloofde land waarheen die Here sy volk gebring het, het die Kanaäniete ook verskillende gode gedien. Die volk van die Here was dus omring deur volke wat vir elke denkbare terrein van die mens se lewe een of ander god aanbid en gedien het. Daarom is dit te verstane dat die Here soveel klem daarop gelê het dat Hy die enigste God is en dat daar buiten Hom geen ander God is nie.

Vir die Israeliete was hierdie feit dat daar net een God is so belangrik dat hulle hierdie woorde: **Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here** (Deut 6:4 AFR83) elke dag met die oggend- en aandgebede opgesê het. In die eredienste in die sinagoges word hierdie woorde ook herhaal. Van kleins af is die woorde by elke Jood ingeprent, want elkeen moet voortdurend daaraan herinner word dat daar net een God is – die God van hemel en aarde.

Iemand kan miskien vra of dit vir ons vandag nog net so belangrik is om te weet dat daar net een

God is. Inderdaad, is dit nodig. Die mense het nog nooit opgehou om op elke denkbare plek vir homself 'n god uit te dink nie. Party mense het selfs sover gegaan om mense te begin verafgoed of hulleself en hulle eie kragte te verafgoed. Daarom is dit ook vir ons nog steeds nodig om vandag aan hierdie waarheid in God se Woord vas te hou en dit openlik te bely soos wat ons dit hier in artikel 8 en ook in artikel 1 van ons belydenis bely.

Die Jode gebruik vandag nog steeds hierdie woorde in Deuteronomium 6 as 'n beskuldiging teen ons Christene dat ons meer as een God aanbid. Baie Jode wil steeds nie aanvaar dat die Jesus Christus wat destyds in Betlehem gebore is die verwagte Messias is nie. Ons glo egter op grond van die getuienisse van die Heilige Skrif dat Jesus Christus werklik die Seun van God is en dus ook self God is. So maak die Heilige Gees immers die Seun aan ons bekend van die aankondiging van die geboorte van Jesus af. Dit is oor hierdie geloof van ons Christene in Jesus dat daar 'n skeiding tussen ons en die Jode is.

In die eerste eeue van die kerk se bestaan het die stryd veral gegaan rondom die Persoon van Jesus Christus. Dit is nie net die Jode nie, maar al die mense wie se name ons in Artikel 9 van ons belydenis noem wat die Christene die stryd aangesê het oor die Godheid van Jesus Christus. Sommige van hulle het Jesus Christus net as God aanvaar wat met 'n skynliggaam op die aarde was. Ander het Jesus Christus weer net as 'n baie goeie en sondelose mense beskou wat deur God as sy Seun aangeneem is, maar Jesus was vir hulle nie waarlik God nie.

Ons gaan nie vanaand oor die Godheid van Jesus Christus praat nie. Ons sal in Artikel 10 van ons belydenis net by die Godheid van Jesus Christus stilstaan en in Artikel 19 ons volle aandag aan die Goddelike en menslike natuur van Jesus Christus skenk. Ons bepaal vanaand ons aandag net daarby dat Jesus Christus ware God en ware regverdige mens is.

Geliefdes, dit was hierdie stryd rondom wie Jesus Christus regtig is, wat aanleiding daartoe gegee het dat die kerk uiteindelik so deur die Heilige Gees gelei is om God die Drie-enige God te noem. Nou sal u kan sê, maar hier is dan nog 'n vreemde woord, net soos die vreemde woorde *Wese* en *Persone*. U sal ook kan sê dat nie een van hierdie vreemde woorde in die Bybel voorkom nie. En ek sal u moet toegee. Dit is inderdaad so dat die woorde *Wese*, *Persone* en *Drie-eenheid* nêrens in die Bybel voorkom om God aan ons bekend te stel nie.

Alhoewel hierdie woorde nie in die Bybel voorkom nie, kom die bedoeling daarvan tog wel in die Bybel voor. Hierin moet ons as kerk van die Here ook die gebrek van ons woorde en taal erken. Maar dit is die enigste en beste woorde waarmee die kerk onder woorde kon bring wat die Here in sy Woord van Homself aan ons sê. Wat die woord *Persoon* betref; ons kan ook sê *selfstandigheid*. Deur die eienskappe wat net aan die Vader of net aan die Seun of net aan die Heilige Gees behoort, het **die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid** of Persoon.

Ons bely ook wat hierdie eienskappe is wat net aan een van die drie Persone in God behoort. **Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.** Op hierdie eienskappe sal ons netnou weer terugkom.

Broers, susters en kinders, met die mense wat met ons Christene wil stry en sê dat God net een God is, kan ons heelhartig saamstem. God is inderdaad net een God. Hy kan nie gedeel word nie, want ons bely dat Hy **enkelvoudig** is. Hy is **een Wese**. Maar vir hierdie selfde mense kan ons wys op wat die Here van Homself in die eerste hoofstuk van Genesis vir ons sê.

Voordat God die mens skep, sê Hy: **Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld** (Genesis 1:26 AFR83). Die Here praat van Homself in die meervoud. Hy beraadslaag met

Homself voordat Hy die mens skep. Hierdie woorde van die Here wys ons daarop dat daar in God meer as een Persoon of selfstandigheid moet wees. Hoeveel Persone in God is, sê die Here nie nou al vir ons nie. Ons kan uit Genesis 1 alleen agterkom dat daar ten minste twee Persone in die Wese van God moet wees, want ons hoor van die Gees van God wat oor die waters gesweef het en ons hoor van God wat geskep het deur te praat. Ja, God hou reken met die beperktheid van die mens se verstand wanneer Hy Homself aan ons bekendstel. Hy oorweldig ons nie met sy volle openbaring op een slag nie.

Daarom, wat vir ons in die Ou Testament nog moeilik is om te verstaan, is in die Nuwe Testament baie duideliker. Telkens by die groot momente in die lewe van Jesus Christus hoor ons dat daar drie Persone in God is. U kan die Skrifgedeeltes self maar gaan lees waar die aankondiging van Jesus se geboorte en sy doop aan ons berig word. Ook wanneer Jesus in daardie aand voor sy kruisdood sy dissipels onderrig, sê Hy dat Hy sy Vader sal vra om die Heilige Gees na sy kerk te stuur. En uiteindelik hoor ons ook uit Jesus se mond dat daar drie Persone in God is kort voordat Hy na die hemel opvaar.

Kom ons let dan nou kortliks op hierdie woorde van Jesus. Jesus beveel sy dissipels om na al die nasies toe te gaan. Hulle moet die mense **doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees** (Matteus 28:19 AFR83). Hier sien en hoor ons dit baie duidelik, geliefdes. Jesus beveel dat die mense gedoop moet word in die Naam. Hy sê daar is net een Naam. Die Vader en die Seun en die Heilige Gees het net een Naam omdat hulle net een Wese is. En hierdie Naam is God. God is een. Maar in God is daar meer as een Persoon. Hulle is drie Persone, die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die Vader, Seun en Heilige Gees is nie drie verskillende stadiums van God nie. Want dit sou beteken dat as dit nou die stadium van die Gees is, bestaan die Vader en die Seun nie meer nie. En dit kan tog nie wees nie. God is ewig, daarom is die Vader ewig, die Seun is ewig en die Heilige Gees is ewig. Nooit verdwyn een van hulle nie en nooit word die een deur die ander een opgeneem om nie meer alleen te bestaan nie. Van ewigheid tot ewigheid is die Vader, die Seun en die Heilige Gees en hulle is die een, ewige God in wie ons glo.

U kom dus agter, geliefdes, dat ons glad nie argumenteer of probeer om te verstaan hoe die drie Heilige Persone ons een God kan wees of hoe die een God Vader, Seun en Heilige Gees tegelykertyd kan wees nie. Ons glo en bely dit eenvoudig omdat die Here Homself so aan ons bekendstel in sy heilige Woord.

Maar nadat ons dit alles gesê, moet ons ook daarby uitkom om te sê wat dit vir ons beteken om te weet dat God Drie-enig is. Om dit te kan sê, let ons op die werk wat ons Drie-enige God doen. God die Vader is die Skepper. Hy is die bron, oorsprong en oorsaak van alles wat bestaan. Alles wat bestaan, het Hy uit niks geskep. Ons is die maaksel van sy hande. Ons plek voor hierdie almagtige Skepper is die van skepsels. En tog is ons nie sommer maar net goeters wat Hy geskep het nie. Hy het ons geskep om in die ewige heerlikheid in te gaan waar ons Hom ewig en volmaak sal dien.

Maar daar is 'n droewige stuk geskiedenis na die skepping van die mens. Die mense het self 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle en God geskeur. Met hardkoppigheid en eiewysheid het hulle besluit om eerder na die Satan as na hulle goeie God te luister. En selfs na die sondeval het die Vader sy mense nie soos goeters behandel nie. Hy het hulle nog steeds baie liefgehad. Hy het hulle steeds met liefde versorg sodat hulle in die lewe kon bly.

Om egter net te bly lewe, was vir die Vader nie genoeg nie. Sy mense moes weer saam met Hom lewe. Daarom het Hy ook sy geliefde Seun mens laat word. God die Seun het mens geword sodat Hy Homself in ons plek aan die kruis kon offer. Met sy liggaam en bloed het Hy 'n brug oor hierdie onoorbrugbare kloof kom slaan. Deur Jesus Christus kan ons as kinders van God weer met

vrymoedigheid na ons hemelse Vader gaan. Ons kan na God die Vader hardloop en met vertroue ons lewens in sy hande oorgee. God die Seun het ons verlos omdat Hy saam met sy Vader wil hê dat ons in die ewige heerlijkheid sal ingaan.

Daar hou ons God se werk met en vir ons ook nie op nie. God betrek Homself nog baie meer intiem in die lewe van sy mense. Die Vader en die Seun stuur God die Heilige Gees om in elkeen van sy kinders te woon en te werk. Die Heilige Gees kom maak ons van binne af heilig sodat ons die ewige heerlijkheid waarin ons moet ingaan waardig kan wees. Hy lei ons voortdurend tot berou oor ons sondes, leer ons om die ou mens af te sterf en wek in ons die nuwe mens op, die mens wat die koninkryk van God mag beërwe.

Geliefdes, wanneer ons bely dat ons in die een enige Wese, ons God, in wie daar drie Persone is, glo, bely ons die evangelie van God. Dit is die evangelie waarin ons God se Vaderhart vol liefde vir ons hoor klop. Dit is die evangelie waarin ons God se liefde vir ons in sy Seun geopenbaar sien. Dit is evangelie waarin ons God se liefde in ons eie lewe sien werklikheid word deur die werk van die Heilige Gees.

So openbaar die Here ons God Homself in waarheid aan ons. In die Ou en Nuwe Testament is die getuienisse oor hierdie een God in drie Persone oorfloedig. Wee die mens wat hierdie openbaring van die Here self nie wil aanvaar en glo nie. Solank as wat hy die Here nie wil glo nie, sal hy sonder enige twyfel ewig verlore gaan. Salig is egter die mens wat die Here glo soos wat Hy Hom aan die mens openbaar, want deur hierdie geloof gee die Drie-enige God aan hom die ewige lewe.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (25:1, 2, 3, 4) (melodie van Ps 134)

- 1 Genade en vrede sy oor ons / van God wat in die hemel woon,  
wat is, wat was en kom, en van / die sewe Geeste voor sy troon;
- 2 van Jesus Christus, onse Heer, / in sy getuig'nis altyd trou;  
die Eersgeboorne uit die dood, / wat dood en doodsmag nie kon hou,
- 3 wat oor die konings heers tot hul / die krone neerwerp aan sy voet –  
Hy wat ons liefgehad het en / ons rein gewas het in sy bloed!
- 4 Tot konings het Hy ons gemaak, / tot priesters om sy Vader te eër;  
Hom sy vir ewig eer en krag, / wat nou oor alles triomfeer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
9 September 2012